# 200.  AS DIE MAGTIGE VAN JAKOB

            G                           C           G
1.   As die Magtige van Jakob hierdie aarde gaan betree
                                        D
     om die nasies in Sy grimmigheid te dors,
           G                            C          G
     sal die juigkreet op die lippe van ons vyande verstom –
                          D                 G
     dis tot redding van Sy volk dat Hy dan kom!

                        G
*Refrein:*    Prys Yahweh, o huis van Jakob!
                          D
              Bring Hom eer – Hy is ons Redder!
                        G               C
              Loof Sy Naam, Hy's ons verwagting;
                      G            D           G
              dis tot redding van Sy volk dat Hy weer kom!

            G                           C           G
2.   As Hy optrek teen die vyand wat Sy erfdeel wil verslind,
                                              D
     wat hul groot hou teen Yahweh en teen Sy volk,
           G                            C              G
     sal hul vestings inmekaarstort en hul trotsheid hul verlaat,
                          D                 G
     want Hy kom om af te wend Sy volk se smaad.

           G                            C                    G
3.   As Yahweh ons lot verander sal ons wees soos een wat droom,
                                           D
     sal ons tong en mond gevul wees met gejuig.
            G                           C             G
     Ons sal water skep met vreugde uit fonteine van Sy heil.
                           D                G
     Hy is groot en goed vir dié wat by Hom skuil!